BPM Drama (Ronel Drama Studio)
Sloane Straat | Bryanston
Afrigter: Ronel Meiring
roneldrama@vodamail.co.za
082 558 4809 | 071 480 4199

## Michaela Meiring– Dramatiese Monoloog - 2019

# *Die Karkas*

*(Linda is geskok; sy staan in haar kombuis en vee die tafel herhaaldelik af. Dit blink al soos 'n spieël; maar sy kan nie ophou nie…)*

So **DIS** hoe dit voel om geslag te word. Dis seer…. VREKSEER. Franko het hom weereens goed van sy taak gekwyt – mens moet mos altyd 'n **skerp** mes gebruik na 'n jagtog… Jy moet **sekuur** te werk gaan om die **beste** uit die koedoe te sny….. Jy hang die karkas en sny diep en egalig.

En nou my man… na 2 dekades en 2 kinders is **ek** vandag jou **karkas**. Jou mes is baie skerp. En jou snye diep en egalig…

Ek kan jou hoor: *"Verwyder alle kliere, bloederige en misbesmette vleis."* Maar jy het my traankliere gelos, my hart hou aan bloei en ja dit voel KAK…

Dis mos maklik as jy weet hoe. Franko jy **weet** hoe. Jy's 'n **ekspert.** Orige ou bok met 'n nuwe rooibokkie… *(huil)*

*(vou hande)* Ag Here, help my…… want ek weet nie hoe nou nie. Hoe konfronteer ek my MAN? My ALLES? Die Pa van my kinders… Hoe VERDUIDELIK ek dit aan my kinders? Here nee..nee…nee….nee…. NEE!!!

Dit is omtrent 12 weke sedert ek die eerste verdoemende boodskap op jou werksfoon gesien het wat vir my die eerste draai met jou jagmes gegee het. Wat bevestig het dat jy ontrou is. Vir 3 maande het ek bevraagteken of jy my liefhet want ek het so ongeliefd gevoel. Jy het my vermy.

Ek het begin om my eie gesonde verstand te bevraagteken. Ek het siek geword……. paniek aanvalle…….. angs. Die kinders wat vrae vra… hoekom jy soveel uitgegaan maar nie tyd het om saam met my of ons gesin iets te doen nie??

WEET JY HOE SELFSUGTIG IS DIT JOU VARK! To have and to hold, for better or worse…

Ek wens ek kan sê jou nuwe *tert* kan jou *have **and** hold*……. maar ek **kan** nie… ek **wil** nie….. want ek het my alles vir jou gegee… my tyd, my aandag, my liefde, my trou, my lyf, my siel, my genade…. **maar jy het my soos 'n karkas opgehang om te VROT!**

*(foon lui) (vee trane af, maak keelskoon, probeer okei klink)*

Hi Seun…….al 5 uur?  is Pappa nog nie daar nie? Moenie worry nie… ek ry nou…. Ek dink nie Pappa kom vanaand huistoe nie……….